

DIE SLAG BY DIE MAQONQO-KOPPE¹

Die Beeskommando het geen groot slag teen die Zoeloe-impis van Dingaan gelewer nie. Die mag van Dingaan is finaal gebreek deur die leërmag van Mpande wat onder aanvoering van Nongalaza die leër van Dingaan, aangevoer deur Ndhlela, met die slag by die Maqonqo-koppe op 30 Januarie 1840 verslaan het. Oor hierdie slag bestaan daar geen ooggetuieverslag nie. Hoewel sommige Voortrekkerherinneringe beweer dat daar wel Voortrekkers by die slag was, wat ewel nie daaraan deelgeneem het nie, is dit twyfelagtig dat daar enige Blankes naby was, en moet die feite saamgestel word uit wat uit fragmentariese Zoeloebronne beskikbaar is.

Mpande het teen die helfte van 1839 Dingaan afvallig geword, met sy volk die Tugela oorgesteek en beskerming en 'n heenkome onder die Boere in Natal kom soek.

Uit die offisiële stukke is moeilik uit te maak wat presies gebeur het. Mpande het aan die Matakulu-rivier gewoon, nie baie ver noord van die Tugela nie. Toe Dingaan hom en al sy volk wat tussen die Tugela en die Umhlatuzi gewoon het, beveel het om te verhuis na 'n gebied noord van die Witfolozi, het al sy raadsmanne Mpande aangeraai om nie te gehoorsaam nie. Hy, Mpande, het daarop met 17 000 van sy volgelinge en 25 000 beeste suidwaarts oor die Tugela getrek, en hom gevestig „at a distance of thirty miles from the bay of Natal, and near and south of the little river Tongati.”² Hoewel hy 'n vriendskaplike houding teenoor die Blankes aangeslaan het en aan Hans de Lange, met wie hy eerste in aanraking gekom het, 'n hoeveelheid beeste oorhandig het, was daar ongerustheid oor die nabyheid van soveel Zoeloes.

Hierdie trek van Mpande het waarskynlik in September 1839 plaasgevind. Delegorgue skryf dat hy op 20 September vir die eerste keer van Mpande gehoor het. Op 3 Oktober 1839 besluit die Volksraad: „Dat den Zolas opperhoofd Panda niet zal toegelaaten worden aan deze zijde Togela te verblijven en wanneer hij onwillig is dan met geweld door te drijven.”³ Op 15 Oktober 1839 het Mpande persoonlik voor die Volksraad verskyn. Hier is hy deeglik uitgevra oor die rede waarom hy die Tugela oorgetrek het. Kortliks kom dit daarop neer dat Dingaan noordwaarts teen die Swazi-opperhoof Sapoesa getrek het maar teruggeslaan is, dat hy daarop nog twee regimente van Mpande gevra het, maar dat dié teruggekeer het omdat hulle Dingaan nie kon vind nie, daar hy „aan het trekken was”. Ook is soos reeds gemeld Mpande beveel om na die noorde te trek. Hy het egter besluit om nie te trek nie waarop Dingaan hom met boodskappers, ten slotte met sy hoofkaptein

1. Hierdie artikel is eintlik 'n vervolg op dié oor die roete van die Beeskommando wat in die vorige uitgawe verskyn het. Die voetnote is op dieselfde wyse afgekort en indien die leser hulle onduidelik vind, word hy aangeraai om by die voetnote van die vorige artikel opheldering te soek. Ook in verband met hierdie artikel betuig ek my dank en erkentlikheid aan die eertydse Raad vir Sosiale Navorsing vir finansiële steun.
2. Delegorgue, Bird, 554.
3. Natal I, 18.

Ndhlela self, bedreig het. Daarop het hy, Mpande, na die witmense wonen. Dat hy altyd op de beskerming van de boeren zal kunnen rekenen, zoo lang hy zich als vriend en een trouwe bondgenoot wil uitgewyk, en kommandant De Lange suid van die Tugela aangetref. Mpande is goed uitgevra oor sy verlede. Daarna is sy versoek toegestaan om die gebied tussen die Umslalie en Umvoti voorlopig te bewoon. Origens het hy toegestem om deur middel van spioene vas te stel wat Dingaan besig was om te doen. „Hierop beloofde men hem, dat het land, waarom hy gevraagd had hun zoo lang zal toegestaan worden, tot dat hy aan de overzyde van die Togeila, gerust en veilig zal kunnen gedragen.”⁴

Hierdie onderhoud is later dieselfde maand opgevolg deur 'n offisiële sending na Mpande onder leiding van landdros Roos (volgens opskrif bo die verslag „Landdros van Tugela”,⁵ volgens Delegorgue „landdros van Congella”⁶) en verskeie ander persone; ook Delegorgue het die sending vergesel. Op 27 Okt. 1839 is Mpande dan plegtig geïnstalleer as „Regerende Prins van de geëmigreerde Zoolas, tot dat hy in de opvolging van Dingaan zal zyn bevestigd.” Verder is met hom ooreengekom dat hy weer na die gebied noord van die Tugela sal verhuis sodra dit vir hom daar veilig is en dat hy die ooreenkoms met Dingaan aangegaan insake grense en uitlewering van geroofde vee sal nakom. Hoewel Roos nie baie ingenome met die houding van Mpande was nie, is dit tog duidelik dat die onderlinge verhouding met hierdie besoek verstewig is.⁷

Volgens Zietsman het die Volksraad op 4 Januarie 1840 die besluit geneem om 'n kommando teen Dingaan uit te stuur. Oor die gesamentlike krygsplan van Pretorius en Mpande swyg die Volksraadstukke. Alleen is in Desember 1839 die volgende besluit geneem: „Is bepaald dat een uitnoodiging zal weezen om 2 of vier vrijwilligers uit te roepen om met Paandas Commando meede te gaan, elk persoon zal voor zyn aandeel genieten 50 beesten die door Paanda zal moeten betaald worden”.⁸ Blykbaar is hier sprake van Mpande se veldtog teen Dingaan. Na dit voorkom is daar geen uitvoering aan die plan gegee nie en het geen Blankes die leër van Mpande vergesel nie.⁹

Op 6 Januarie 1840 het Pretorius sy “Instructie aan den Hoofdkommandant gegee deur den Volksraad” ontvang, wat direk in verband staan met die voorgenome veldtog. Hierdie dokument bevat egter ook

4. Natal I, 306-308.

5. Natal I, 309.

6. Bird, 554.

7. Natal I, 309 e.v.; Delegorgue, 116 e.v.

8. Natal I, 25.

9. I. J. Breytenbach beweer: „De Komdt.-genl. heeft toen onder zijn mannen 16 vrijwilligers gevraagd, en beloofde aan ieder vrijwilliger, die met de Kafferkommando wilde medegaan, dat zij, wanneer er buit gemaakt werd voor zich 10 ossen of 10 vaarsen uit die buit zou mogen uitzoeken. Onder bevel van de veldkornet Gerrit Viljoen trokken toen 16 vrijwilligers mede. Eerst 16 dagen later ontmoetten wij Dingaan's Kafferkommando op Pongola's rand, en hebben dat aangevallen. Na 'n hevig gevecht vlugchte het. Wij maakten toen zooveel beesten buit . . . Daar zijn wij met het kafferkommando teruggekeerd naar ons laager . . .” (V.T.M. III, 105).

niks van die plan van aanval en van samewerking met die strydmag van Mpande nie. Dit gaan hoofsaaklik oor die pligte van die hoofkommandant en sy offisiere en die skadevergoeding van 40 000 beeste wat hulle moes bemagtig.

Uit die offisiële „Dagverhaal” van Zietsman verneem ons eers op 21 Januarie, toe die laer aan die Doornleegte aan die kliprivier gestaan het, dat Tambuza „in boeijen” saam met die kommando geneem word. Delegorgue meld ook eers op hierdie datum dat Tambuza as afgesant van Dingaan met sy metgesel geboei en opgesluit is (blykbaar in Pietermaritzburg) en dat die twee daarna met die kommando onder begeleiding meegeneem is.¹⁰

Hier word ook vir die eerste keer meegedeel dat hulle Mpande „als het magtigste Opperhoofd der differente bondgenoten, vriendschappelyk in ons leger houden, om ons, tegen onvoorziene verraad, te verzekeren”.¹¹

Uit die aantal Voortrekkerherinneringe moet mens aflei dat beide Mpande en Tambuza (met Combazana, sy ondergeskikte) die kommando van die begin af vergesel het. Tambuza en Combazana het, volgens hulle, voorheen met olifantstande en/of beeste as skadevergoeding van Dingaan in Pietermaritzburg opgedaag. Hulle is toe op aanklag van Mpande as spioene beskou en as gyselaars of gevangenes aangehou en meegeneem.

Ook is uit die Voortrekkerherinneringe af te lei dat daar ’n definitiewe afspraak tussen die Boere en Mpande was, nl. dat laasgenoemde se krygsmag, bestaande uit drie regimente, onder leiding van sy vertroude generaal Nongalaza direk noord sou trek om Dingaan vanuit die noordooste voor te keer terwyl die Boerekommando ’n meer noordwestelike rigting sou inslaan.

In die „Dagverhaal” van Zietsman kom die krygsplan op 21 Januarie naby die Kliprivier enigsins aan die lig. Hier het die krygsraad besluit om Matowan en Jobe se aangebode bondgenootskap te aanvaar. “Zy (die twee seuns van Jobe) werden gevolglik bevolen, met hunne krygsmacht (zynde slechts 400 man) in vereeniging met die van Mattowan, bestaande uit 250 man, de Noordelike directie van den vyand te occupeeren, alwaar zy in vereeniging met die krygsmagten van Panda en Sapoosa, twee onzer bondgenooten (bestaande uit omtrent 4,000 man) zullen komen, en dat zy den vyand van de Noord Oostelyke directie hevig moesten aanvallen; terwyl ons leger, den vyand van de Zuid Oostelyke directie, zoude attackeeren”. Vir die gevangening van Dingaan word vyftig beeste uitgelooft en vir dié van sy hoofaanvoerder Ndhlela vyf-en-twintig.¹²

Dingaan se hoofstad was op hierdie tydstip geleë veertig myl noordoos van sy eerste stat „within about two miles of the Ivuna Stream”.¹³ Jansen stel dit: „aan die Ivuna-rivier ongeveer agt myl van Nongoma”.¹⁴ Lugg bepaal die plek nader: „at a spot just south of where the Vuna Store

10. Delegorgue, 226.

11. Zietsman, Natal I, 326.

12. Zietsman, Natal I, 325-326.

13. Gibson, 81.

14. Jansen, 94.

stands. The locality is still known by the local Natives by this name, and a large fig tree, once used as a gate post, is still growing on the site.¹⁵

Hier het hy hom egter nie veilig gevoel met die aantog van sy vyande nie. „He therefore moved another thirty miles, himself reaching the Magundu Mountain, which stands conspicuously about eight miles to the south of the Pongolo River; his army was at the Maqonqo, a group of round hills a few miles to the south of it”.¹⁶ Volgens plaaslike oorlewering het Dingaan op Nyalisa, tans geleë op die pad tussen Louwsburg en Magut, vertoef tydens die slag by die Maqonqo-koppe.¹⁷

Die Beeskommando is deur middel van boodskappers gereeld op hoogte gehou van die vordering van sy bondgenote. Aan die Wasbankrivier op 27 Januarie het Pretorius van die „leger van Panda” berig ontvang dat hulle die „leger der Zoolas had omgetrokken”, wat waarskynlik beteken dat hulle tot noordoos van Dingaan se mag getrek het. Verder is berig dat Dingaan uit vrees vir albei kommando’s weer sy stat verlaat het en sy leër uitgestuur het om die van Mpande te ontmoet. Hulle berig tewens dat ’n botsing binne twee dae verwag word. Dingaan het al sy vee in ’n noordoostelike rigting gestuur, maar dié word toe reeds deur Sapoosa voorgekeer. Die magte van Matowan en Jobe het berig dat hulle noodwaarts sou trek om Dingaan se ewentuele vlug in dié rigting te keer.

Pretorius het dadelik aan die „officieren van Panda” laat weet dat hulle dei vyand nie moet aanval nie sodat hulle nie miskien die onderspit sal delf nie, en indien hulle self aangeval word en hulle blyk te swak te wees, dan met verdrag te retireer.¹⁸

Op 30 Januarie, toe die kommando aan die Umvunyanarivier gelaer was, het daar weer twee boodskappers van die leër van Mpande opgedaag. Hulle het ’n wit vlag met die letters V.R. (Volksraad) daarop wat voor die veldtog deur die landdros van Pietermaritzburg aan hulle voorsien is om hulle egtheid te bewys. Hulle berig is dat Dingaan na Moselikatse se land wou vlug maar geen kans gesien het om deur die land van die Knopneuskaffers te kom nie; ook dat hy begin twyfel het aan die koms van die kommando en hom op daardie stadium skuilgehou het in ’n kloof naby sy stat. Hierdie berig was blykbaar of verkeerd afgelewer of was ouer as die berig wat Pretorius drie dae vantevore aan die Wasbankrivier ontvang het.¹⁹

Die volgende dag, 31 Januarie, vind die verhoor van Tambuza en Combazana plaas. Na dit voorkom, het veral die getuienis van Mpande die deurslag gegee dat hulle ter dood veroordeel en kort na die verhoor tereggestel is. Direk hierna het Pretorius weer ’n rapport van die leër van Mpande gekry, nl. dat hulle die mag van Dingaan byna agterhaal het „en dat zy nie twyfelden of zy zouden reeds met elkanderen gevochten hebben, indien Dingaan niet te haastig vlugtte”. Weer stuur Pretorius

15. Lugg, 162.

16. Gibson, 81.

17. Vgl. ook Jansen, 96.

18. Zietsman, Natal I, 327.

19. Zietsman, Natal I, 328.

aan Nongalaza opdrag om “Dingaan in zyne vlugt (te) stuiten, tot dat zyn leger aankwam”.

Op 1 Februarie het die kommando naby die Witfolozi vir die eerste keer berig gekry van die slag by die Maqonqo-koppe. Omtrent eenuur het 'n boodskapper opgedaag en berig „dat Nonklaas, de hoofdbestierder van het leger van Panda, eergisteren slaags was geweest met drie regimenten van Dingaan; dat zy twee geheele regimenten van Dingaan, tot den laaste man hadden omgebragt, en dat een gedeelte van het derde regiment onder het leger van Panda, en het andere gedeelte in de bosschen is gevluht”.²⁰

Volgens hierdie verslag het die geveg op 30 Januarie 1840 plaasgevind: „eergisteren” vanaf 1 Februarie gereken. Delegorgue noem nie 'n datum nie, terwyl Voigt ook aanneem dat die geveg op 30 Januarie plaasgevind het.²¹ Gibson daarenteen gee die datum van die geveg aan as 29 Januarie 1840;²² ook Preller.²³ Dit lyk my egter of hulle en ook ander skrywers wat die geveg op 29 Januarie laat plaasvind het, 'n fout begaan.

Pretorius het daarop Christiaan Muller en Isaac Abraham van Niekerk met 'n tolk na Nongalaza gestuur om hulle van die waarheid van die berig te vergewis. Die volgende dag was die twee weer terug. Hulle het bevind dat Nongalaza se berig waar was, „dat zy, volgens alle blyken, twee regimenten van Dingaan hebben vernield, maar dat er ook een groot gedeelte van het volk van Panda is gesneuveld en gewond.” Delegorgue deel verder besonderhede mee wat hy van Van Niekerk verneem het: ruim 'n duisend soldate het gesneuwel, en hoewel Mpande se mag geseëvier het, het hy nie minder as 1 200 gewondes in Nongalaza se kamp opgemerk nie.

Uit bostaande blyk dit al dat besonderhede oor die slag besonder karig is. Ook die plek waar die slag gelewer is, word in hierdie berigte nie genoem nie. Ook nie een van die Voortrekkerherinneringe dui die plek nader aan nie. Ook Voigt, wie se boek in 1899 verskyn het, vertel nie waar dit plaasgevind het nie, hoewel hy 'n taamlike uitvoerige beskrywing van die slag self gee.

Na dit voorkom, is Gibson die eerste skrywer wat die plek by name noem. „His (Dingaan's) army was at the Maqonqo, a group of round hills a few miles to the south of it (d.w.s. die Pongola), whose name has been well known since”. Gibson was 'n magistraat in Zoeloeland en het hierdie gegewe waarskynlik direk van Zoeloegelui gekry.


Gedurende twee navorsingsreise is pogings aangewend om die lokaliteit presies vas te stel, in April 1962 en weer in Mei/Junie 1963. Wat literatuur betref is alleen die aanwysing van Jansen gebruik: „die Maqonqo-koppies aan die Mkuzirivier ongeveer tien myl bokant die teenswoordige Mkuzibesproeiingskema” en ook van Lugg: „Maqonqo Hills, not far from the present Magut”. In die buurt van Magut is die naam Maqonqo

20. Zietsman, Natal I, 330.

21. Voigt, 147.

22. Gibson, 82.

23. V.T.M. I, 60.



Nyalisa, die ples

Dingaan volgens oorlewing tydens die

by die Maqonqo-koppe vertoef het.

vir die drie kenmerkende koppe redelik goed bekend, hoewel weinig mense weet van die slag wat daar plaasgevind het. Met behulp van mnr. F. J. Dillon van die plaas Rietboklaagte en mnr. B. Pieterse van die plaas Zeekoepan is 'n ou Zoeloe opgespoor, Velaphi Mngo Mezulu, woonagtig op genoemde mnr. Pieterse se plaas, wat nog besonderhede oor die slag van sy vader, wat indertyd 'n seun was, verneem het. Dit is moontlik dat sy grootvader nog aan die slag deelgeneem het. Ou Velaphi het ons op die plek gebring. Daar is drie losstaande koppe wat van ver in die omgewing sigbaar is, suid van die Mkuzirivier geleë op die plase Goedvertrou en Vergelegen. Ons het die plek vanuit die noorde bereik met 'n vierwielaangedrewe voertuig, eers deur die rivier en toe met 'n moeilik begaanbare pad verder. Waarskynlik kan dit makliker vanuit die suide bereik word vanaf die Vryheid-Nongomo-pad. Die suidelike hange van die koppe is nie te hoog nie, maar noordwaarts val die grond taamlik steil weg na die vallei van die Mkuzi.

Die enigste twee skrywers wat bietjie besonderhede oor die slag gee is Voigt en Gibson. Voigt het na dit voorkom, hoofsaaklik uit Zietsman geput. Hy vertel daarby dat spoedig na die begin van die geveg een van Dingaan se regimente oorgeloop het na die vyand, maar „the Black and White Shields, the two most famous of Dingaan's cohorts, stood their ground, and were almost annihilated.”²⁴ Gibson het blykbaar ook nog van Zoeloes inligting ingewin: “The battle was fiercely contested, and, for a time the issue was doubtful. One still living who fought on Dingaan's side, says they believed, at one time, they had gained the victory but were afterwards overpowered. There was 'n great number killed on both sides: 'for many years the place was white with their bones.’ ”²⁵ Jansen gee nog die volgende besonderhede: „Dit word vertel dat dit gelyk het asof Dingaan se manskappe die oorhand sou kry, maar toe gaan daar skielik 'n geroep op dat die Amabunu (Boere) kom. Dit het Dingaan se krygers moed laat verloor”.²⁶ Waar hy die gegewens vandaan haal, word egter nie gemeld nie.

Presies hoe die geveg verloop het, is by gebrek aan voldoende gegewens nie vas te stel nie. Ons segsman, Velaphi Mngo Mezulu, het ter plaatse verduidelik dat Nongalaza se impi's uit 'n noordwestelike rigting verby die eerste van die drie koppe aangeval het, terwyl Ndhlela met Dingaan se regimente tussen die twee suidelike koppe hom ingewag het. Dit stem ooreen met ander getuienis, nl. dat Nongalaza se magte die van Dingaan voorgetrek het en dat Ndhlela hulle daar ingewag het. Op die skuins hange af na die rivier se kant toe het die verwoede geveg plaasgevind (volgens Malaphi).²⁷ Nadat Nongalaza gewen het, is die oorblyfsels van Dingaan se mag in suidwestelike rigting die berge ingejaag en is Pretorius laat weet dat hy hom moes reg maak vir die stryd.

Pretorius se perdekommendo het op 3 Februarie wel binne hoorbare

24. Voigt, 147.

25. Gibson, 82.

26. Jansen, 98.

27. Voigt, 147.

afstand van Dingaan se impi's gekom. „Dit hoorden wy hen duidelyk zeggen, — ‚hier is (moloenkoes), witte menschen, laten wy uit elkander vlugten, zoo veel wy kunnen, om ons leven te redden, tegen deze menschen is er voor ons geen kans, een oogenblik te vechten’ ”. Aldus Zietsman. In die misbedekte landskap aan die bloop van die Isikwebesispruit het hulle toe versprei en noordwaarts gevlug. Hiermee was die mag van Dingaan toe finaal gebreek.

Sy belangrike aanvoerder en raadsman, Ndhlela, het die lewe ingeskiet. Hierdie feit het blykbaar eers later bekend geword, want nog Zietsman, nog Delegorgue maak daarvan melding. Voigt vertel: „Salela himself and many other chiefs were slain”.²⁸ Gibson beweer: „Ndhlela died on this occasion. He was in command in Dingaan's forces and was wounded. So incensed was his chief at his failure that he immediately ordered his execution”.²⁹

Oor die uiteindelijke lot van Dingaan is daar heelwat, hoewel teenstrydige, gegewens. Na Pretorius op 1 Februarie berig gekry het van die Maqonqo-slag, het 'n verdere berig ingekom: „dat Dingaan nog slechts twee regimenten had, zynde zyn lyfgarde, met welke hy langs de Pongolarivier, 200 mylen ten Noorden van zyne hoofstad, was opgevlucht, doch dat Nonklaas hem met zyn armee was nagevolgd, om hem in zyn vlugt te stuiten en indien mogelyk, hem te vang”.³⁰ As met „opvlugt” bedoel word dat hy met die Pongola stroomopwaarts gevlug het, dan is dit nie te rym met Dingaan se uiteindelijke bestemming nie. Hy moes eerder stroomafwaarts gevlug het. Op 2 Februarie kon Van Niekerk en Muller ook geen nader berig oor Dingaan verstrekk nie. Blykbaar het hy op hierdie stadium nog nie finaal gevlug nie, want hy het nog die res van sy mag teen die vyand uitgestuur, wat ewewel die volgende dag op die vlug geslaan het sonder om die stryd aan te knoop.

Op sy tog na die Pongola het Pretorius se perdekommendo volgens „dagelyks inkomende rapporten” verneem dat Dingaan nog slegs „cirka 100 man” by hom gehad het en dat sy ander manskappe hom afgeval het. Self kon die kommendo „volstrek niet ontdekken, waar Dingaan zelve is, omdat zinds het gevecht tusschen hem en Panda, niemand hem weder heeft gezien”.³¹ Algemeen is aangeneem dat hy oor die Pongola getrek het; die kommendo het toe op 8 Februarie vanaf die suidelike wal van die rivier teruggekeer en Nongalaza agtergelaat om dadelik berig te stuur as hy iets van Dingaan verneem. Op 11 Februarie het Nongalaza verloff gevra om terug te keer aangesien hy niks van Dingaan kon verneem nie. Dit is hom toegestaan. Intussen het Pretorius reeds die vorige dag daar aan die Zwartfolozi vir Mpande tot koning van die Zoeloes verklaar en op die 14de is die proklamasie uitgevaardig „vermits wy noch Dingaan noch iets van hem kunnen vernemen”.³²

28. 'n Aanneemlike voorstelling van hoe die slag kon verloop het, ook na aanleiding van die mededelings van Velaphi, gee dr. T. S. van Rooyen in *Bantu*, Aug. 1963.

29. Gibson, 82.

30. Zietsman, Natal I, 330.

31. Zietsman, Natal I, 333.

32. Zietsman, Natal I, 336.

Op 17 Februarie het Nongalaza voor 'n volle krygsraad verklaar „dat hy zints ons vertrek van de Pongola had vernomen, dat Dingaan ten Noord Oosten, de Pongola was doorgevlucht; dat hy toen met zyn volk, Dingaan 30 mylen over de Pongolarivier had nagevolgd, alwaar hy de moeder van Dingaan, doordien zy niet verder kon loop, opving, en van haar vernam, dat Dingaan met een klein klompje volk, en een troep beesten, eene groote distantie voor haar uit was”. Hy het sy spioene verder vooruit gestuur, maar hulle kon Dingaan nie opvang nie. Uit vrees vir „de pest” wat in die gedeelte van die land gewoed het, het hy toe toeruggekeer met die moeder van Dingaan as „krygsgevangene”.³³ Dit was die laaste berig wat die Beeskommando oor Dingaan ontvang het.

Van die Voortrekkerherinnering is die verslag van Karel Trichardt op hierdie gebied die belangrikste. Hy was trouens die enigste Blanke wat van die dood van Dingaan kon getuig. Karel Trichardt was in Delagoabaai toe die berig van die noordwaarts vluggende Zoeloes ongerustheid by die Portugese goewerneur veroorsaak het. Laasgenoemde het Karel Trichardt toe met agttien man die Pongola (met 'n boot) opgestuur om êrens 'n wagpos op te rig. Na twee dae het hulle by 'n eiland in die rivier aangekom, regoor die plek waar die Swazikoning Sapoesa, op die westelike (of noordelike) oewer saamgetrek het om die intog van die Zoeloes in Swaziland te voorkom. Na drie dae het die Zoeloemag van Dingaan inderdaad opgedaag en „aan de overzijde” van die rivier oornag. Blykbaar was die „overzijde” die noordelike oewer van die Pongola. Hier is Dingaan se mag deur Sapoesa aangeval en verslaan. Die volgende more het Sapoesa Trichardt laat roep en hom die lyk van Dingaan getoon, „die door een van de krijgsknechten van Sapoesa was vermoord”. In die nabyheid het die lyke van twee indoenas van Dingaan gelê wat laasgenoemde eiehandig doodgesteek het en ook die lyk van die moordenaar van Dingaan wat op bevel van Sapoesa om die lewe gebring is. Hy vertel dat Dingaan se groot mag by die Pongola omgedraai het en dat Dingaan slegs met 300 man, meestal veewagters, verder moes gaan.³⁴

Breytenbach vertel dat, nadat die kommando weer twee dae terug in die laer was, Sapoesa die kop van Dingaan na Pretorius gestuur het en dat Mpande en Nongalaza toe verklarings afgelê het dat dit wel die kop van Dingaan was.³⁵ Ook J. Z. Uys beweer: „Die kop van Dingaan is werklik aan Pretorius gebragt. Pretorius had Sapoesa gelast te zorgen dat hij de kop te sien kreeg van Dingaan”.³⁶ 'n Mens kan egter aanneem dat beide Zietsman en Delegorgue daarvan sou geskryf het as soiets gebeur het.

Dit lyk my egter nie onwaarskynlik dat een of ander bewysstuk van die dood van Dingaan na Pietermaritzburg gebring is nie. S. W. Burger Snr. beweer dat „de dracht, d.w.z. de versierselen enz. van

33. Zietsman, Natal I, 337.

34. V.T.M. II, 18 e.v.

35. V.T.M. III, 105.

36. V.T.M. I, 295.

Dingaan" deur Sapoesa met 'n paar van sy kapteins na Pietermaritzburg gestuur is. „Iedereen herkende het en ik selfen heb het ook daar gezien. Het bestond uit armringen, 'n borstplaat en 'n soort kam . . .” Ook vertel hy dat Sapoesa die kop van Dingaan gestuur het, „maar dat was door de lange tocht in ontbinding overgegaan en weggeworpen”.³⁷ M. W. Pretorius het 'n dergelike verhaal: Sapoesa het Dingaan se kopvel afgeslag „en naar ons lager gezonden”.³⁸ Hattingh vertel slegs dat Sapoesa enkele kapteins na Pietermaritzburg gestuur het met die berig dat Dingaan om die lewe gebring is.³⁹

D. P. Bezuidenhout vertel 'n grieselige verhaal van hoe Dingaan deur die Swazi's dood gemartel is,⁴⁰ maar Preller het dit reeds as „'n sprokie” verwerp en daar kan inderdaad geen ander getuie gevind word om die verhaal te bevestig nie.

Belangrik is dit om die plek te bepaal waar Dingaan dood is. M. W. Pretorius beweer dat dit gebeur het „aan Lebombo's punt onder de krans”.⁴¹ Gibson kom min of meer tot dieselfde gevolgtrekking, hoewel sy verslag van die moord — soos hy dit van die Zoeloes verneem het — verskil van die van Karel Trichardt. “He (Dingaan) crossed the Pongolo River and took refuge on the Ubombo Mountain, by Hlatikulu, the great forest. He rested there for some time. He had with him a considerable people; and it was no easy matter to find food for their maintenance”. Hy sou toe 'n aanval op die Swazi's oorweeg het. Sy soldate was orals besig om kos te soek en hy het gevolglik weinig persoonlike beskerming gehad. Die bewoners van die gebied het intussen vyandigesind geraak omdat hy nie die beste betaal het wat hy belowe het nie. Hulle het toe met die Swazi's saamgespan om van Dingaan en sy volk ontslae te raak. Een van hulle het toe aangebied om as gids op te tree. Daar is toe 'n Swazi-impie gestuur. „The kraal he occupied was surrounded at night, and, in escaping, he was wounded by an assegai in the side. In three days he died of his wound and his people buried him”.⁴²

'n Latere navorser, H. C. Lugg, gee meer besonderhede oor die gebeurtenis sowel as die lokaliteit: „Dingaan fled across the Pongolo into Nyawo territory and took refuge in the Hlatikulu Forest on the Ubombo Range overlooking Gollel railway station where he established his headquarters at a place known as *Esankoleni* or The Secluded Spot, since corrupted into *Esikoleni* or School. It was here that Dingane's grave was recently discovered”.⁴³

Hy vertel verder dat volgens „information recently obtained from a number of old men of the Nyawo tribe” dit hierdie stam was wat in samewerking met die Swazi's Dingaan se kraal omsingel het terwyl die grootste

37. V.T.M. III, 103.

38. V.T.M. I, 61 noot.

39. V.T.M. V, 235.

40. V.T.M. III, 163-164.

41. V.T.M. I, 61 noot.

42. Gibson, 86.

43. Lugg, 163.

deel van sy soldate weg was „on a foraging expedition”. “Dingane tried to escape, but was stabbed in the thigh either by Zulu (die broer van die Nyawo-kaptein Silevana) or Nondawana (’n Swazi wat ’n indoena van die Nyawo-stam geword het), seized and again stabbed by Zulu but not killed, as the party was anxious to ascertain from him his reasons for fleeing into Nyawo territory. After being questioned he was killed by Zulu by order of Silevana and buried in some soft ground a few yards from where he had him put to death.”⁴⁴ Lugg gee ook ’n foto van ’n groot wildevyeboom wat by Dingaan se graf staan. Drie klippe is op die graf geplaas deur Silevana, Zulu en Sambana onderskeidelik. Laasgenoemde het later hoof van genoemde stam geword.

Lugg gee ’n verdere interessante verhaal van die ontdekking van die graf. „Dingane’s burial place has been a well guarded secret for over 100 years. In 1920, when I was stationed in Ingwavuma, Sambana’s son, Chief Mtshakela, told me in confidence that he knew where the grave was and would show it to me when a favourable opportunity offered, but he died before doing so.” Later is Lugg weer tydelik in bevel van die Ingwavuma-distrik geplaas en toe het hy die graf gevind met behulp van ’n natuurlike-onderwyser, Nazareth Sabelo, en verskeie ou Nyawo-natuurlike. “The grave was found on 27th February, 1947. It is on the edge of one of the late Chief Mtshakela’s fields at the spot now known as *Esikoleni*, but originally pronounced *Esankoleni*, as already described. There is a deep ravine just below the grave running into the Hhlatikulu Forest, and the nearest school is about two miles away”.⁴⁵

Prof. F. J. du T. Spies.

44. Lugg, 164.

45. Lugg, 167.